

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 2



Grootboek



Kwartaal 2

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Grootboek



Inhoud

My familie

Week 1	Lewensvaardigheid: Verskillende families.....	1
	Gedeelde Lees: Ouma se verjaarsdag.....	2
Week 2	Lewensvaardigheid: Hoe om 'n geleentheidskaartjie te maak.....	6
	Gedeelde Lees: Die spesiale kaartjie.....	7

Veiligheid by die huis

Week 3	Lewensvaardigheid: Gevare by die huis!.....	11
	Gedeelde Lees: Dorpsmuis en Plaasmuis.....	12
Week 4	Lewensvaardigheid: Brande by die huis.....	16
	Gedeelde Lees: Ydele mnr. Haantjie.....	17

My liggaam

Week 5	Lewensvaardigheid: My wonderlike liggaam.....	21
	Gedeelde Lees: Verskillende liggame.....	22
Week 6	Lewensvaardigheid: Binne-in my liggaam.....	26
	Gedeelde Lees: Paul breek sy arm.....	27
Week 7	Lewensvaardigheid: Jou sintuie.....	31
	Gedeelde Lees: Gemmerbroodman.....	32

Ek hou my liggaam veilig

Week 8	Lewensvaardigheid: Bly vry van kieme.....	36
	Gedeelde Lees: Busi en Ouma.....	37
Week 9	Lewensvaardigheid: Ons klas se reëls teen boeliery.....	41
	Gedeelde Lees: Kiki.....	42

Verskillende families



My naam is Thando.
Dit is my mamma, my
pappa en my bababoetie.



My naam is Amanda.
Dit is my mamma en
twee susters.



My naam is Lerato.
Dit is my ouma,
my tannie en my
neef en niggie.

Week 1 Lewensvaardigheid

- Is hierdie drie families dieselfde?
- Hoe verskil die families van mekaar?
- Hoe is jou familie 'n bietjie soos een van hierdie families?

Ouma se verjaarsdag

Ons help vir Mamma.

Week 1

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie, dink jy, is besig om te praat? (*kan die seun of die meisie wees, of albei*)
- Waarvoor is die familie besig om voor te berei?
- Onthou jy enige name uit die hardopleesstorie? (*Die titel gee ons 'n leidraad.*)

Dag 2: Dekodering

- Wat word die teken aan die einde van die laaste sin genoem?
- Wys na die woord **Mamma**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die laaste sin sodat dit soos 'n vraag klink.



Wie is by die deur?

Dit is Pappa en Oom!



Week 1 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Pappa en Oom saamgebring?
- Kan jy onthou vir wie dit alles is?
- Waarom is die rose pienk?

Dag 2: Dekodering

- Waar kan jy 'n vraagteken sien?
- Wys na die woord Pappa.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die laaste sin sodat dit soos 'n vraag klink.
- Het jy enige ooms? Is hulle oud of jonk?

Wie is nou by die deur?

Dit is Tannie en die tweeling!

Week 1 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip


- Wat het Tannie saamgebring?
- Wat het die tweeling saamgebring?
- Wat sê die kersies op die koek vir ons?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die uitroepteken.
- Wys na die vraagteken.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die laaste sin sodat dit soos 'n vraag klink.
- Het jy enige tannies of neefs en niggies? (Verduidelik die verwantskap.)



Wie is nou by die deur?

Veels geluk, Ouma!



Week 1 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie se verjaarsdag is dit?
- Dink jy Ouma is bly?
- Was dit 'n verrassing? Hoe weet jy dit?
- Watter ander verrassings het hulle vir Ouma?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **Ouma**. Klank dit.
- Wat word die teken aan die einde van die sin genoem?
- Hoe kan jy hierdie sin lees om te wys jy is opgewonde?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter geskenk sou jy vir Ouma gee?

Hoe om 'n geleentheidskaartjie te maak



1 Vou die papier in die helfte.



2 Teken 'n prentjie op die voorkant.



3 Skryf 'n boodskap binne-in.



4 Sit dit in 'n koevert.

Week 2

Lewensvaardigheid

- Praat oor instruksies.
 - Waar sien jy mense wat instruksies volg? (*Mamma wat 'n nuwe resep op die proef stel, die installering van 'n nuwe TV*)
 - Wat merk jy omtrent instruksies op? (*genommer, stap vir stap, in 'n bepaalde volgorde*)
- Praat oor die redes waarom ons kaartjies aan ander gee.

Die spesiale kaartjie

Wat is dit?



Week 2

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie sien jy in die prentjie?
- Wat, dink jy, is binne-in die koevert? (*Die titel gee vir jou 'n leidraad.*)
- Wie kruip weg?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die titel.
- Hoeveel vraagtekens kan jy op hierdie bladsy tel?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees hierdie bladsy asof jy hierdie vrae aan jouself stel.

Ek wonder wat binne-in is.

'n Kaartjie! Dit is 'n mooi prentjie!

Week 2

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat is in die prentjie?
- Van wie, dink jy, kom die kaartjie? Verduidelik.

Dag 2: Dekodering

- Hoeveel uitroeptekens is daar?
- Wys na die woord **kaartjie**. Klank dit.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees hierdie bladsy asof Mamma hardop praat.
- Watter ander prentjies het jy al op 'n kaartjie gesien?



Ek wonder van wie dit kom.

Week 2
Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Wie is Adam?
- Hoe, dink jy, voel Mamma as sy die kaartjie lees?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **Mamma**, **liefde** en **omgee**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die boodskap op die kaartjie aandagtig.



Liefste Mamma
Dankie dat jy vir
ons omgee.
Ek is baie lief
vir jou.
Liefde,
Adam

Ek hou baie van hierdie boodskap. Ek gaan Adam 'n stywe drukkie gee.

Week 2 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom is Mamma so bly?
- Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **boodskap**. Klank dit.
- Wys na die woord **drukkie**. Klank dit.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees hierdie bladsy asof Mamma besig is om te praat.
- Watter ander omgeedinge kan jy doen vir iemand vir wie jy lief is?



Gevare by die huis!

Moenie ...



jou vingers in 'n muurpropsok indruk nie.



aan oop elektriese drade raak nie.



op jou eie 'n skerp mes gebruik nie.



medisyne op jou eie drink nie.



self kookwater in- of uitgooi nie.



met vuurhoutjies speel nie.



Week 3

Lewensvaardigheid

Kyk na die plakkaat vir idees om veilig te bly. • Vertel van enige ongelukke wat in jul huis gebeur het. • Hoe kon julle dit gekeer het?

Dorpsmuis en Plaasmuis

Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Beskryf wat in elke prentjie gebeur.
- Wat is die heel gevaarlikste?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die eerste praatborrel. Verduidelik wat 'n praatborrel is.
- Wys na al die praatborrels.


Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die praatborrels met gevoel.



Dorpsmuis gaan plaas toe. Daar is baie gevare.

Plaasmuis gaan dorp toe. Daar is baie gevare.



Week 3 Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip


- Beskryf wat in elke prentjie gebeur.
- Wat is die heel gevaarlikste?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **plaas**, **dorp** en **gefare**.
- Wat sê Plaasmuis?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die praatborrels met gevoel.



Dorpsmuis voel veilig in sy eie huis.

Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom voel Dorpsmuis veilig? (Hy voel tuis by die dinge wat hy ken.)
- Wat het verander om die kombuis veiliger te maak? (oondhandskoene, die oond is toe, die stoof is afgeskakel, die messe is veilig, die muurprop is afgeskakel)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde veilig en huis.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Op watter maniere is jul kombuis veilig?



Plaasmuis voel veilig in haar eie huis.



Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom voel Plaasmuis veilig? (Sy voel tuis by die dinge wat sy ken.)
- Wat het verander om die werf veiliger te maak? (sit ver van die vuur af, die emmer is leeg en omgekeer, die hond ken haar)

Dag 2: Dekodering


- Wys na die woorde veilig en huis.

Dag 3: Vlotheid en reaksie


- Op watter maniere is jul werf veilig?
- Sou jy daarvan hou om Dorpsmuis of Plaasmuis te wees? Waarom?

Brande by die huis

Daar is vier verskillende soorte brande.



Meubels, gordyne en beddegoed kan aan die brand slaan. Blus die brand met water.



Elektriese drade kan aan die brand raak. Skakel die krag af.



Kookolie kan vlam vat. Bedek die pan met 'n nat vadoek of kombers.



Petrol of verf kan vlam vat. Jy kan nie hierdie brand met water blus nie. Gebruik 'n brandblusser daarvoor.

As daar 'n brand is, gaan buitentoe en bly buite.
Skreeu "Brand!"

Week 4

Lewensvaardigheid

- Hoe kan **meubels** of **beddegoed** aan die brand slaan? (vuurhoutjies, sigarette, 'n houtstomp wat by 'n vuurherd uitval)
- Hoe raak **elektriese drade** aan die brand? (swak konneksies, drade wat uitgerafel of stukkend is)
- Hoe raak **kookolie** aan die brand? (wanneer dit te warm op die stoofplaat word)
- Hoe vat **petrol** of **verf** vlam? ('n vuurhoutjie of sigarette – die rede dat vulstasies 'n reël het dat niemand daar mag rook nie)
- Hoe blus 'n mens elkeen van hierdie brande?

Ydele mnr. Haantjie

Mnr. Haantjie is ydel.



Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom kyk mnr. Haantjie in die spieël? Kyk na die titel.
- Wys na die praatborrel. Wat is dit? Wat beteken die woorde?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die titel.
- Wat sê dit?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin.
- Lees die praatborrel asof jy mnr. Haantjie is.

Mev. Kat gaan dorp toe.

Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom sê mev. Kat vir mnr. Haantjie om nie die deur oop te maak nie? (*vreemdeling*)
- Kan jy 'n vreemdeling tussen die bome sien?

Dag 2: Dekodering

- Wat sê mev. Kat?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die praatborrel asof jy mev. Kat is.



Mnr. Haantjie is alleen by die huis. Iemand klop.



Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie klop?
- Hoekom, dink jy, wil hy inkom?
- Hoekom is hy slim? (maak asof hy 'n aantrekklike man wil sien)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **huis** en **alleen**.
- Waarom word **klop** anders geskryf? (Dit is 'n geluid.)

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Maak 'n klop geluid.
- Lees die woorde in die praatborrel met gevoel.
- Wat, dink jy, moet mnr. Haantjie doen?
- Wat, dink jy, gaan hy doen?

Mnr. Haantjie begin die deur oopmaak.

Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom maak mnr. Haantjie die deur oop?
- Wie kan jy tussen die bome sien?

Dag 2: Dekodering

- Wat sê mnr. Haantjie?
- Wys na die woord **deur**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sinne met gevoel. Maak gebruik van die leestekens om jou te help.
- Hoe wil jy hê moet die storie eindig?



Wat gebeur toe?

My wonderlike liggaam



Ons liggaam het vier belangrike dele:

- kop
- bolyf
- bene
- arms

Week 5

Lewensvaardigheid

- Wat doen hierdie kinders? (aanvaar verskeie antwoorde: staan, dink, glimlag, haal asem)
- Op watter maniere verskil ons liggame van mekaar? (swaarder of ligter, donkerder of ligter, langer bene, kleiner ore, groen of bruin oë, en so meer)
- Is hierdie verskille belangrik? (Nee, alle kinders is uniek en mooi op hul eie manier.)
- Wat is dan belangrik? (dat ons liggaam gesond is en werk)
- Watter vier liggaamsdele het ons almal?

Verskillende liggame

Week 5

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Hoeveel oë het party skerpioene?
- Hoeveel oë het 'n slang?
- Vergelyk die slang met die skerpioen. (aantal pote, aantal oë, kleur, vorm)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **oë**.
- Hoeveel sinne is daar op die bladsy? Hoe weet jy dit? (hoofletters, punte)

Dag 3: Vlotheid en reaksie

Haal asem tussen elke sin terwyl jy lees.

- Hoeveel oë het mense? Wat word die verskillende dele van die oog genoem? (*pupil, reënboogvlies, wit, wenkbrou, oogwimper*)
- Hoe maak skerpioene hul prooi dood? (*steek dit met hul stert*) Hoe maak slange hul prooi dood? (*byt*)
- Behoort ons aan hierdie diere te raak? Gee redes.
- Moet ons hulle doodmaak? (*nie noodwendig nie, albei van hulle is nuttig omdat hulle rotte of ander plaë doodmaak*)



Party skerpioene het 12 oë.



'n Slang het 2 oë.



Party haaie het 300 tande.



'n Hiëna het 32 tande.

Week 5
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Op watter manier is hierdie diere dieselfde? (*groot monde, baie tande, twee oë*)
- Hoe verskil hulle? (*Haaie bly in die see, hiënas bly op die land; haaie het vinne, hiënas het pote; haaie het baie tande, hiënas het 32.*)
- Verduidelik: Haaie se tande word gebruik om hul prooi mee dood te maak. Hiënas het uiters sterk tande om bene te kraak en te vergruis (*fyn te maak*).

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **tande**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Haal diep asem tussen elke sin terwyl jy lees.
- Wat kan 'n mens se mond alles doen? (*praat, eet, fluit, proe, glimlag*)
 - Wat is die verskillende dele van die mens se mond? (*lippe, tande, tong, tandvleis*)
 - Het 'n mens byttande en koutande soos 'n hiëna? (*ja, snytande en malers*)

Week 5

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe stem jagluiperds en rooibokke ooreen? (twee ore, vier pote, sterte)
- Hoe verskil hul ore? (grootte – rooibokke het groter ore, hulle word gejag en moet dus goed hoor)
- Hoe verskil hul pote? (jagluiperds het kloue, rooibokke het hoewe)
- Op watter ander manier verskil hulle? (pels – kollerig en gewoon, horings, snorbaarde)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord ore.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

Haal diep asem tussen elke sin terwyl jy lees.

- Wat is die verskillende dele van jou been? (dy, kuit, enkel, knie)
- Kan jy so vinnig soos 'n jagluiperd hardloop? (Nee, 'n jagluiperd is oor kort afstande die vinnigste wese op land. Hulle hardloop baie vinniger as enige mens.)



'n Jagluiperd het klein oortjies.



'n Rooibok het groot ore.

Week 5

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe is mense en voëls dieselfde? (oë, bene)
- Hoe verskil hulle? (voëls kan vlieg, mense kan nie, vere/hare, vlerke/arms, snawel/mond)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **bene**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

Haal diep asem tussen elke sin terwyl jy lees.

- Wat groei op ons liggaam in plaas van vere? (*hare*)
- Hoe verskil ons monde van 'n voël s'n? (*mense het lippe, voëls het snawels*)
- Sou jy eerder vlerke of eerder arms wou hê?




'n Arend het twee bene.



Kinders het ook twee bene.

Binne-in my liggaam



Week 6

Lewensvaardigheid

- Daar is bene binne-in jou liggaam. Die bene ondersteun jou liggaam.
- Daar is spiere wat jou help beweeg.
- As jy jouself sny, gaan jy bloed sien. Jou hart pomp die bloed deur jou liggaam.
- Wanneer jy lug inasem, gaan lug in jou longe in.
- Die kos wat jy eet, sak af na jou maag en beweeg dan na jou ingewande (derms).
- Jy gebruik jou brein om te dink. Jou brein word deur jou skedel beskerm.

Paul breek sy arm

Paul val en maak sy arm seer.



Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Paul gedoen voordat hy sy arm seergemaak het?
- Hoe maak Paul sy arm seer?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde seer, maak en arm.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin met gevoel.
- Het jy jouself al ooit seergemaak?

Dag 1: Begrip

- Wie, dink jy, neem vir Paul hospitaal toe?
- Is Paul bly om sy ma te sien? Waarom?
- Watter inligting verskyn op die vorm?

Dag 2: Dekodering

- Wat sê Paul?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin en die praatborrel met gevoel.
- Was jy al ooit in 'n hospitaal? Was jou ma daar? Watter vrae het die verpleegster vir jou gevra?



Paul gaan hospitaal toe.

Paul kyk na 'n x-straal van sy arm. Die been in sy arm is gebreek.



Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Weet jy waarna hulle kyk? (dit is 'n x-straal – 'n soort foto wat die bene onder jou vel wys)
- Wie is die persoon in die wit jas? (die dokter)
- Hoe weet die dokter die been is gebreek? (Sy kan die breuk sien.)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **been** en **gebreek**.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin. Lees die praatborrel met gevoel.
- Is 'n x-straal al ooit van jou geneem? Vertel ons daarvan.

Dag 1: Begrip


- Wat is aan Paul se arm? (gips)
- Waarom het hy gips aan sy arm nodig? (om sy arm stil te hou sodat die bene kan aangroei)
- Is gips hard of sag? (hard)
- Wat kan Paul steeds met sy arm doen? (Hy kan sy vingers beweeg.)

Dag 2: Dekodering

- Wat staan op die skryfbord geskryf?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin. Lees die woorde op die skryfbord.
- Het ons klas al ooit sulke nuus gekry? Is dit goeie nuus of is dit nie sulke goeie nuus nie?
- Het iemand wat julle ken, al 'n been gebreek? Vertel ons daarvan.




Paul se arm is in gips.

Jou sintuie



Sig Jy kan die son en kleure sien, maar jy kan nie in die donker sien nie!

2 Gehoor Jy kan voëls en musiek hoor, maar jy kan nie hoor as 'n wurm beweeg nie!



Reuk Jy kan kos en blomme ruik, maar jy kan nie kleure ruik nie!

4 Tas Jy kan aan ys en pels raak, maar jy kan nie aan liefde raak nie!



Smaak Jy kan suiker en sout proe, maar jy kan nie die lug proe nie!

Week 7

Lewensvaardigheid

Ons wonderlike liggaam het vyf sintuie.

- Na watter pragtige dinge kyk jy graag?

- Watter lieflike klanke hoor jy graag?
- Wat is jou gunstelingreuk?

- Waaraan raak jy graag?
- Watter kos proe vir jou die lekkerste?

Gemmerbroodman

Gemmerbroodman ruik
heerlik.

Week 7

Gedeelde Lees

Nadat julle gelees het,
sê hierdie woorde saam:
Hardloop, hardloop,
so vinnig as wat jy kan.
Jy kan my nie vang nie!
Ek is Gemmerbroodman!

Dag 1: Begrip

- Wat doen die ou vrou?
- Wat is gemmerbrood?
(koek) Waarna ruik dit?
- Waarom hardloop die
gemmerbroodman
weg? (Hy wil nie
opgeëet word nie.)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord
hardloop.
- Watter woord kom in
die praatborrel voor?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Sê die woord **wag**
baie hard.
- Het jy al ooit iets
heerliks geruik wat
besig was om gaar
te word? Wat was dit?
- Wat gebruik jy om
te ruik? (neus)



En toe hardloop hy weg!

Die ou vrou, Koei en Vark jaag almal vir Gemmerbroodman.



Week 7

Gedeelde Lees

Nadat julle gelees het, sê die refrein saam:
Hardloop, hardloop,
so vinnig as wat jy kan.
Jy kan my nie vang nie!
Ek is Gemmerbroodman!

Dag 1: Begrip

- Wie jaag vir Gemmerbroodman?
- Waarom jaag hulle almal hom? (*Hulle almal wil hom opeet.*)
- Waarom hardloop hy weg? (*Hy wil nie opgeëet word nie.*)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die komma in die eerste sin. Wanneer jy lees, moet jy 'n kort rukkie by 'n komma wag of stop.
- Waarom is daar uitroptekens in die praatborrels? (*Almal skreeu.*)

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin. Onthou die komma.
- Sê die woorde in die praatborrel hardop.
- Dink jy dit is 'n ware verhaal? Waarom, of waarom nie?

Gemmerbroodman sien 'n rivier.

Week 7

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe weet Krokodil dat Gemmerbroodman in die moeilikheid is?
- Is Krokodil regtig gaaf?
- Wat wil Krokodil eintlik graag doen?
- Pas die flitskaart en die woorde bymekaar: sien, hoor.

Dag 2: Dekodering

- Wys na die aanhalingstekens. Verduidelik hul funksie. Wie praat?


Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin.
- Lees die woorde tussen die aanhalingstekens soos 'n krokodil. (met 'n growwe stem)
- Lees die woord in die praatborrel hardop.
- Op watter ander manier kon Gemmerbroodman die rivier oorgesteek het?



Krokodil hoor die geskreeu.
“Ek sal jou oor die rivier dra,” sê hy.

Maar Krokodil eet hom heeltemal op! Hy smaak heerlijk!



Week 7

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom, dink jy, vertrou Gemmerbroodman vir Krokodil?
- Wat gebeur met Gemmerbroodman?
- Wat gebeur met Koei, Vark en die ou vrou?
- Pas die flitskaart en die woorde bymekaar: eet, smaak.


Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde eet en smaak.
- Hoeveel uitroeptekens is daar?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die sin met gevoel. Onthou die uitroeptekens.
- Watter deel van jou liggaam gebruik jy om mee te eet? (*mond*)
- Wat is jou gunstelinghappie om te eet?
- Watter sintuie word in hierdie storie ingespan? (*reuk, smaak, sig, gehoor*)

En dit was die einde van Gemmerbroodman.



Bly vry van kieme


Word
'n Kiem-
knouer




Dra 'n masker.



Was jou hande met seep
om die kieme dood te maak.



Staan of sit ver genoeg
van ander mense af.



Moenie enigiets deel nie.



Bly by die huis as jy
siek is.



Nies of hoes in jou
elmboog of in 'n snesie.

Week 8

Lewensvaardigheid

- Kieme is onsigbaar, maar dit kan jou siek maak. Covid-19 is 'n soort kiem.
- Jy kan 'n Kiembevryder word:
 - Dra 'n masker en was jou hande. Moenie aan jou gesig raak nie. So kan jy keer dat kieme by jou mond of longe inkom.
 - Bly op 'n veilige afstand weg van ander mense en moenie dinge deel nie. Dit help om die verspreiding van kieme te keer.
 - As jy siek word, bly by die huis. Nies of hoes in jou elmboog of in 'n snesie en gooi die snesies in die vullisdrom. So dra jy geen kieme aan ander oor nie.
- Watter van hierdie dinge doen jy reeds?

Busi en Ouma



Week 8

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat weet jy van COVID-19?
- Wys na Busi. Wys na Ouma.
- Waarom lyk hulle albei hartseer?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **kieme** en **siek**.
- Hoeveel sinne is daar? Hoe weet julle dit? (hoofletters, punte)

Busi vertel vir Ouma van die kieme wat COVID-19 genoem word. Dit maak mense siek.

Dag 1: Begrip

- Waarom bly Ouma by die huis?
- Wat dra Busi en Mamma? Waarom?
- Watter werk doen Mamma?
- Watter papier hou Busi in die lug op?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **maskers**. Beteken hierdie woord een of twee maskers?
- Hoeveel sinne is daar? Hoeveel hoofletters is daar? (*onthou, mense se name begin met hoofletters*)



Ouma bly by die huis.
Busi en Mamma bring vir
haar kruideniersware.
Hulle dra hul maskers.

Dag 1: Begrip

- Hoe help kos ons liggame om kieme te bestry?
- Watter dinge op die lys is kos?
- Waarom het Ouma seep nodig?
- Hoe lank behoort jy jou hande te was?
- Waarom het Ouma 'n skoonmaakmiddel nodig?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **seep**.



- Seep
- Tee
- Vrugte
- Groente
- Brood
- Mielie-meel
- Hoender
- Skoonmaak-middel

Week 8

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Wanneer sal Busi weer vir Ouma 'n drukkies kan gee?
- Is dit veilig om dit nou te doen?
- Hoe gaan Busi voel wanneer sy Ouma weer 'n drukkies kan gee?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die hoofletters.



Busi sal weer eendag vir
Ouma 'n drukkies kan gee.

Ons klas se reëls teen boeliery



1. Ons boelie niemand nie.
Ons terg niemand nie en maak niemand opsetlik seer nie.



2. Ons probeer om kinders wat geboelie word, te help. Ons sê die ander moet ophou of ons kry 'n grootmens om te help.



3. Ons probeer om kinders, wat uitgesluit word, in te sluit of te betrek.



4. Ons behandel mekaar met respek en goedhartigheid.

Week 9

Lewensvaardigheid

- Wat is boeliery? (wanneer jy dinge [herhaaldelik] doen wat iemand anders seermaak of bang maak)
- Waarom is daar by die eerste reël 'n X? (dui dinge aan wat ons nie moet doen nie)
- Waarom is daar by die ander 'n ✓? (dui dinge aan wat ons moet doen)
- Watter reël, dink jy, is die belangrikste? Waarom?

Kiki

Kiki is 'n nuwe kind by die skool.

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe kan die kinders vir Kiki laat welkom voel?
- Hoe verskil sy van die ander kinders?
- Wie sê: "Laat Kiki voel sy is welkom hier"? Hoe weet jy dit? (Die praatborrel dui die persoon aan wat praat.)


Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **welkom**.
- Sê woorde wat met **w** begin of eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Dink jy die karakters in hierdie storie is van hierdie wêreld afkomstig? Waarom?
- Ons noem wesens soos dié ruimtewesens. Is ruimtewesens iets werkliks of iets wat in jou verbeelding is? (verbeelding)
- As jy 'n ruimtewese in jou verbeelding moes uitdink, hoe sou hy of sy lyk?
- Dink jy die verskil tussen Kiki en die ander leerders is belangrik? Verduidelik.





Week 9

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe, dink jy, voel Kiki?
- Waarom het nie een van die ander kinders iets gesê nie?
- Wat, dink jy, moet Kiki doen? (voorspelling)

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **terg** en **stamp**.
- Sê woorde wat met **t** begin of eindig.
- Wys na die praatborrels. Wie praat nou?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Kinders wat toekyk hoe iemand geboelie word en niks daaraan doen nie, word "toeskouers" genoem.
- Watter dinge kan jy doen as jy sien iemand word geboelie?

Maar tydens pouse
vat van die kinders Kiki
se middagete af. Hulle terg
haar en stamp haar rond.

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip


- Was dit reg dat Kiki vir mnr. Maggs gesê het? Waarom?
- Wat anders kon sy gedoen het?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woorde **nare** en **boelie**.
- Sê woorde wat met **m** begin of eindig.
- Is daar 'n praatborrel op hierdie bladsy?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Waarom, dink jy, was die kinders naarteenoor Kiki?



Kiki sê vir mnr. Maggs.
Mnr. Maggs sê dit was
'n nare ding om Kiki
te boelie.

Daarna sê Kiki “Nee!” vir die boelies.



Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe hanteer Kiki die boelies?
- Waarom help dit haar om 'n maat te hê?

Dag 2: Dekodering

- Sê die woorde wat met **N** begin of eindig.
- Wys na die woord **boelies**.
- Wys na die praatborrel op hierdie bladsy.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat is 'n goeie manier om maats te maak?

Sy maak ook 'n nuwe maat.

Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wandé-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Omslag

Anja Stoeckigt

Foto-erkennings

FREEPIK: Bladsy 1: (van links bo na onder) @karlyukav (sirkel), @wavebreakmedia (gesin met baba), @rawpixel.com (sirkel), @disobeyart (ma met dogters), @rawpixel.com (sirkel), @mego-studio (gesin met verskillende geslagte)

FREEPIK: Bladsy 22: (van bo na onder) @kompor (skerpioen), @lifeonwhite (slang);
bladsy 23: (bo na onder) @bpm82 (haai), @eduardo.canut (hiëna);
bladsy 24: (bo na onder) @25ehaag6 (jagluiperd), @byrdyak (rooibok);
bladsy 25: (van bo na onder) @jesusgiraldogutierrezdelolmo (arend), @calonge (jong kind)

FREEPIK: Bladsy 26: @kharlamov543211 (spier), @happypictures (bene), @ssstocker (organe)

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-990952-58-6

Version 4: 2025



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:

Funda Wandé, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Grootboek, Graad 1, Kwartaal 2, CC BY 4.0.

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>



Funda Wande

Reading for Meaning